# Die probleem met die Afrikaner

Net meer as 'n 100 jaar gelede het 'n diepe angstigheid die ‘republikeinse allerheiligste'—die stad Pretoria—beetgepak. Juis hier is Kerkplein se balkonne volgepak terwyl Union Jacks regoor die stad gewapper het. Swart inwoners was ekstaties oor die moontlikheid van 'n beter bedeling as dié wat hulle onder die Boere te beurt geval het. Britse onderdane het suurlemoene uitgedeel om die inkomende troepe te verfris. Johanna Brandt het die Vierkleur om haar hoed gebind terwyl sy gadegeslaan het wat sy beskryf het as ‘… die sielsieke vertoon van imperiale patriotisme.’ En 'n plaaslike inwoner het in haar dagboek aangeteken: “Op hierdie middag het die troepe in hul duisende ingemarsjeer. Dit was 'n gesig wat ons nooit sal vergeet nie. Dit wou voorkom of daar geen einde aan hulle was nie Dis alles verby. Pretoria behoort aan Engeland.”[1]

Minder as tien dae gelede het 500 Afrikanerstudente na die Administrasiegebou van die Universiteit van Pretoria gemarsjeer. Hulle het beweer dat hulle tradisies ondermyn word, dat Afrikaans gemarginaliseer word en dat onbevoegde buitestaanders (lees: swartmense) stadig besig was om bevoegde binnestaanders (lees: Afrikaners) te vervang. Hulle het lustig die apartheidslied, *Die Stem*, gesing terwyl 'n nie te onaansienlike getal werknemers by die administrasie so ewe vanaf die balkon by hulle ingeval het. Wat hierdie groep wit nasionaliste betref, behoort Pretoria aan die swartes en wil dit voorkom of daar geen einde is aan hulle nie. Dis nogeens alles verby.

Ek noem hierdie waarnemings enersyds om aan te toon dat Pretoria nog steeds 'n simbool is van 'n langdurige stryd tussen mense uit 'n diep verdeelde samelewing en andersyds om te suggereer dat vrae oor identiteit, mag, asook eienaarskap vandag net so lewend is as wat dit 105 jaar gelede was.

Dit is vir my baie moeilik om oor ‘die Afrikaner’ (of, vir dieselfde prys, oor Zoeloe- of Kleurling-identiteit) te praat, want ek glo nie dat hierdie identiteite essensieel, permanent, universeel of onskuldig is nie. Effe anders gestel, ons praat hier van onlangse identiteite; hulle is polities gekonstrueer, hulle neem veelvuldige betekenisse aan en dit is onwaarskynlik dat hulle die verskyning van nuwe nasionale identiteite in Suid-Afrika, maar veral ook in die konteks van 'n geglobaliseerde wêreld sal oorleef.

'n Mens hoef maar net die Afrikaanse pers op Sondae en op weeksdae te volg om 'n diepe angs by wit (en ook sommige swart) Afrikaanssprekendes te bespeur oor wie of wat 'n Afrikaner is ... .'n Afrikaan? 'n Eurokaan? 'n Suid-Afrika(a)n/er? Ons het hier te make met belangrike bakens van 'n identiteit onder die druk van verandering en, vir my, 'n baie belangrike geleentheid om

[1] Ek het hierdie notas, met inbegrip van al die aanhalings in die eerste paragraaf, saamgestel uit Bridget Dieron (2000) se fassinerende boek, ***Pretoria at War, 1899-1900***, gepubliseer deur Protea Boekhuis, Pretoria.

die rassistiese mites van kolonialisme en apartheid te destabiliseer en ons gemeenskaplike menslikheid te herstel.

Maak egter geen fout nie. Dit gaan vir Suid-Afrikaners baie moeilik wees om af te sien van ons apartheidsidentiteite. Ek het dit terdeë besef toe ek onlangs besoek afgelê het by die museum langs die Grondwetlike Hof in Hillbrow. Vier van die oorspronklike houers waarin kos aan gevangenes uitgedeel is, is daar uitgestal: 'n groot pot vir wit gevangenes, 'n effens kleiner een vir Indiër-gevangenes, 'n nog kleiner een vir gekleurde gevangenes en dan die kleinste een vir swart gevangenes. Ek het toe verstaan hoe hierdie vals identiteite 'n konkrete, letterlike betekenis aangeneem het. Meer nog, ek het verstaan hoe die voorwendsel van 'n "hoër" identiteit 'n wesenlike verskil kon maak ten opsigte van die ware essensie van oorlewing en welsyn—met ander woorde, om genoeg te hê om te eet. Dit help nie juis wanneer die nuwe amptenary steeds daarop aandring om mense in terme of hierdie verdelende identiteite te kategoriseer nie; dit, elf jaar ná die wettige beëindiging van apartheid—via die sensus, via gelyke indiensnemings-voorleggings, via die aanteken van eksamenuitslae.

Maar daar is nog 'n rede waarom ek skepties is oor hierdie veronderstelde inklusiewe of allesomvattende etiket, die Afrikaner. Afrikaners verteenwoordig meer as ooit tevore 'n ryklik diverse groep mense in terme van óf ideologiese óf politieke oriëntasie; in terme van ekonomiese en sosiale status; en in terme van godsdienstige of siviele verbintenis. Die immer lendelam aanname dat Afrikaners 'n kulturele en politiese monoliet is, veral op die kruin van Afrikaner-nasionalistiese regering, kan nie langer verdedig word nie. Ek sal waarskynlik nie so ver soos Chris Brink gaan om te praat van Afrikaner-agnostisisme in my poging om hierdie veelvuldige en gefraktureerde identiteite te beskryf nie, maar sy observasie rakende 'n groeiende diversiteit binne hierdie groep Suid-Afrikaners is korrek.

Dit is dus belangrik om te verstaan dat my *algemene* opmerkings nie gekonstrueer moet word as *veralgemeenbare* aansprake rakende die gedrag van 'n groep mense nie—in hierdie geval, Afrikaners.

Dit is een ding om die halsstarrigheid van hierdie gekonstrueerde identiteite te *herken*; dit is egter 'n heeltemal ander saak om te aanvaar dat die simbole of konfrontasie dit verteenwoordig waarop hulle aanspraak maak. Een van die kragtigste simbole van 'n opkomende Afrikanernasionalisme ná 1994 is die Afrikaanse taal. Dit was die een ding wat sowel sagte as harde wit nasionaliste gemobiliseer het om die aansprake van die Afrikaner te bevorder—vanaf Afrikaans-medium skole tot Afrikaanse klasse aan voormalige Afrikaanse universiteite.

Maar die probleem is juis hierin geleë. As ons hier besig was met 'n ernstige debat oor Afrikaans as 'n taal, kon die probleem sonder veel ophef gehanteer word. Die media en nie slegs enkele analiste nie het die tekens in hierdie opsig heeltemal verkeerd gelees. Die handhawing van Afrikaans is nie 'n stryd om taalregte nie; dit is 'n handige banier van waaragter sekere persone die

verlies van mag, die verlies van voorregte, asook die verlies van plek kan bekla.

Daar is 'n diep en tasbare bitterheid te bespeur by die giftiger element Afrikaner-nasionaliste oor wat in 1994 gebeur het. Hoewel ek reken dat die meerderheid Afrikaners in wisselende grade van akkommodasie die nuwe regime aanvaar het, tel hulle nie onder diegene wat die nasionalistiese agenda belig nie. Vir hierdie raserige en sigbare minderheid wit Afrikaners is die verlies van dominansie 'n onafgehandelde saak wat nie soseer in die vorm van vrugtelose sabotasie-kampanjes deur regse fanatici te voorskyn sal tree nie (hoewel hierdie aspek natuurlik nie ten volle uitgeskakel kan word nie). Dit sal eerder die vorm aanneem van intense openbare veldtogte rondom die een ding waaroor die regering sensitief *voorkom*—die Afrikaanse taal. Kru gestel, die protes sal nie die bosagtige voorkoms aanneem van AWB-tipe aggressie nie, maar wel die skoongeskeerde gesig van kwasi-intellektuele oproermakers en hul manlike studente-surrogate.

Maar Afrikaners maak in hierdie opsig 'n reuse fout deur iets ernstig te lees in die oënskynlike ernstige pogings en bedoelings aan die kant van swart nasionalistiese politici om daadwerklik iets substansieel te doen om Afrikaans te bevorder of te beskerm. Dit is baie moeilik om die President se oproep by (van alle plekke) die onlangse Algemene Nasionale Raad van die ANC te verstaan, naamlik om aandag te gee aan Afrikaans—buite-om die politieke behoefte daaraan om beskou te word as versoenend jeens 'n groep wat hul dominansie meer as 'n dekade gelede op so 'n dramatiese wyse verloor het. Toe die President hierdie oproep gemaak het, was ek geamuseer deur die skreeuende koerantopskrifte wat in 'n Afrikaanse Sondagkoerant gevolg het, en waarin 'n lang lys voorskrifte aangebied is van moontlike maniere waarop hy sy mondelinge verbintenis kon implementeer.

Die ANC het geen voorneme om Afrikaans ernstig op te neem nie, en wel om twee redes. In die eerste plek: Afrikaners onderskat oor die algemeen totaal-en-al die diep-, diepgesetelde bitterheid wat steeds voortduur by swart inwoners suid van Pretoria oor die onderdrukkersrol van Afrikaans, by uitstek gedurende die 1970s. In die gemoed van gewone en magtige swart mense, is Afrikaans en Afrikaners onlosmaaklik verbind—ten spyte van argumente wat aangaande die diverse oorspronge van hierdie taal gemaak kan en behoort te word. In die tweede plek: Dit is hoogs onwaarskynlik dat die ANC enigiets sal belê in 'n taal wat vir 'n groot deel van die vorige eeu oorheersing met Engels gedeel het, terwyl dit inderwaarheid geen betekenisvolle beleggings gemaak het in daardie ander tale wat vir eeue op groteske wyse afgeskeep is in terme van wetenskap en vakkundigheid. Afrikaans is dus selfs vir die regerende party 'n simboliese 'middel' waardeur breër politieke doelwitte van verdraagsaamheid, indien nie versoening nie, bereik kan word.

Dit is egter belangrik om die onlangse eskalasie in openbare protes by aktiviste onder die Afrikanerminderheid te verstaan—dringende ontmoetings wat deur die President in sy kantoor toegestaan word of met sy afgevaardigdes iewers in die bos—en veral op universiteitskampusse in antwoord op die sluiting van plek en voorreg in die publieke domein. Politieke

mag is effektief verlore. Afrikaners wend hulle nou tot die paar instellings wat oorgebly het en waarbinne kultuur, taal, voorreg en witheid steeds gelaer kan word; maak nie saak watter ander voordele sulke instellings mag inhou nie, hierdie ruimtes maak voorsiening vir die kweek van skeiding en uniekheid. Die instellings waarna ek verwys, is die kerk, rugby, openbare skole en universiteite.

Dit is duidelik dat die kerk en ander vorme van kulturele organisasie oorgebly het as die enigste vrywillige assosiasies waarbinne Afrikaners steeds kan opereer op wyses wat ander tipes mense effektief uitsluit. Selfs wanneer Christen-, Afrikaans-sprekende kulturele organisasies—soos een prominente groepering—uiteindelik instem om toegang te verleen tot nie-Christene, op voorwaarde dat die organisasie Christelik bly.

Ek moet nog uitmaak wat Afrikaners bedoel met die term "Christelik". Wanneer Tukkie-studente van die Voortrekkerkoshuis (in Hatfield) 'n vlag hys wat proklameer dat hierdie koshuis (slegs) vir *Manlike, wit, Afrikaners en Christene* is—begin ek verstaan waarom “Christen” vir talle (hoewel sekerlik nie vir alle) Afrikaners deel is van 'n pakket, iets wat onskeibaar is van witheid, afsonderlikheid, Afrikaans en die kerk. Dit is 'n ontstellende wanvoorstelling en verdraaiing van Christus se boodskap, 'n begrip van Christelikheid wat lankal geskei is van Skrifwaarhede ten einde 'n hardnekkige rasse-arrogansie te voed.

Maar die wit, hoofstroom Afrikaanse kerk bly een van die min plekke waar sulke rassemites nie slegs verdra word nie—hulle word bevorder en geseën, dikwels sonder dat dominee of selfs die gemeente bewus is van die feit dat hul praktyke en diskoerse aanstoot gee. Ek het onlangs die begrafnisdiens van 'n dierbare kollega bygewoon in 'n Nederduits-Gereformeerde Kerk iewers in die weste van Pretoria; in hierdie eksklusiewe wit gemeente het ek volkome ontuis gevoel. Maar die boodskap was warm, die Diens was informeel en die mense vriendelik. Ek het egter net tuis genoeg begin voel in hierdie gemaklike ruimte om te rou oor ons kollektiewe verlies toe die dominee skielik en sonder waarskuwing 'n 'grap' probeer maak het; een wat borduur was met rasse-paternalisme oor “die Kleurlinge in Stellenbosch." Hierdie 'grap' het 'n gelag onder die groot skare ontlok—en die dominee het bloot voortgegaan met die Diens asof niks gebeur het nie. Ja, dit is wat rasse-skeiding 'n volgende geslag gelowiges kos.

Die probleem met rugby, aan die ander kant, is dat die kwota-stelsel die sport effektief getransformeer het tot 'n gaandeweg meer verteenwoordigende demografie, ten spyte van die infantiele gedrag van die spel se administrateurs. En namate meer Habanas en Mmametsas na vore tree en deur hul vertonings die mees gekoesterde leuens van die wit nasionaliste verwoes, sal daardie simpel vrae oor bevoegdheid of standaarde inderwaarheid verdamp.

Die probleem met universiteite is dat die dae toe Afrikaner-dominansie en voorreg volgehou kon word, eenvoudig gestel, getel is. Dit is nêrens duideliker nie as by plekke soos die voormalige RAU, die voormalige UPE en die

Universiteit van Pretoria. Die Universiteit van Pretoria, geleë onder die waaksame oog van die Unie-geboue, binne loopafstand van die meeste nasionale regeringsdepartemente, by die kruising van die grootste wêreld-ambassades, en in die hart van die diplomatieke hoofstad op die kontinent Afrika-sal, *as niks gedoen word nie*, binne minder as 'n dekade 'n Engels-medium universiteit word. Dit is insiggewend dat die "voorkeurtaal" (die taal waarin die meeste van ons 40 000+ studente onderrig wil word), Engels is—en hierby is 'n betekenisvolle basis Afrikaans eerste taalsprekendes ingesluit.

Na my mening sal hierdie uitkoms uiters betreurenswaardig wees en ek sal pogings steun om te verseker dat Afrikaans prominensie geniet—let wel, nie dominansie nie!—in die lewe en kultuur van hierdie formidabele instansie.

My probleem ontstaan wanneer die stryd om Afrikaans gekoppel word aan die strewe na Afrikaner-dominansie in die tradisies, seremonies en klaskamers van die universiteit. Dit raak 'n probleem wanneer die protagoniste van Afrikaans die terme van die debat probeer omraam as 'n politiek wraaksugtige respons tot Engels, of, meer pertinent, *die Engelse*. Soos een student se plakkaat verlede week lees: *Slegs Engels is erger as Slegs Blankes*. Hierdie soort vensters op die gedrag van die taal-protagoniste ondersteun Mariana Kriel ('n doktorale student aan die Londense Skool vir Ekonomie en Politieke Wetenskap) se siening dat dit steeds onmoontlik is om oor Afrikaans te praat sonder om oor Afrikaner-nasionalisme te praat.

Wanneer dit gebeur, raak dit baie moeilik om die saak vir Afrikaans te bevorder op grond van haar ryk sosiale en literêre nalatenskap, en haar potensiaal om brûe oor kulture en gemeenskappe te bou. Die protagoniste verstaan nie dat, wanneer dit gebeur, die stryd om Afrikaans effektief verlore is nie.

Die mees intense gevegte het hulle onlangs onder die vaandel van Afrikaans in wit skole uitgespeel. By die eerste blik wil dit voorkom of dit bloot gevegte is oor eksklusief Afrikaanse skole wat Engels wil uithou, terwyl die landswette ewe liberaal aangehaal word. Maar dit gaan bepaald nie om die uithou van Engels nie—dit gaan om die uithou van swart studente. Daar is weliswaar Afrikaanse skole wat dubbelmedium-skole geskep het wat die toelating van swart studente tot hul sterk akademiese kulture fasiliteer. Maar die oomblik dat hulle dit doen, haas middelklas- en selfs behoeftiger Afrikaners hulle na wat ek noem *kontrapunt-* (*counterpoint-*) *skole*—dit wil sê, daardie leliewit skole op die heuwel. Hierdie hoofde protesteer bitterlik: selfs wanneer ons aantoon dat ons slaagpunte in matriek gehandhaaf word en dat daar tewens selfs daarop verbeter word, neem hierdie ouers steeds hul kinders uit ons skole.

Ek praat, by wyse van beklemtoning, van skole waarin daar 'n baie sterk akademiese kultuur bestaan en waar daar 'n baie sterk konsentrasie van Afrikaans neffens Engels in die skoolkurrikulum bestaan. Dit sou selfs vir die mees geharde taalprotagonis baie moeilik wees om te redeneer dat ouers bloot van Engels af wegvlug; waarvan hulle ook weghol, is die sosiale en intellektuele benadeling van hul kinders, is die onsmaaklikheid van rasse-

integrasie en die verlies van rasse-eksklusiwiteit. Dit is so eenvoudig en so kompleks as dit.

Waarheen gaan ons van hier af?